

PERSOONLIKE STYL WERKSBLAD

DOEN DIE VOLGENDE PRAKTIESE OEFENING

Skryf jou naam

A. (Met Regterhand)_____

B. (Met Linkerhand)_____

Wat dink jy kan jy aflei oor “jou persoonlike styl” uit hierdie oefening?

Elemente van Persoonlike Styl

In die bepaling van 'n persoon se Persoonlike Styl van dinge doen, is daar baie toetse en modelle wat gebruik kan word. Ons het gekies vir 'n baie eenvoudige model waardeur ons die basiese beginsels van die proses wil illustreer.

Bepaling van jou Persoonlike Styl

AANWYSINGS

1. Kies vir elke item dié woord wat jy dink jy die graagste wil doen, of wat jy die graagste sal wil wees binne die gegewe situasie.
2. Moenie antwoorde verskaf wat jy glo jou gade, familie, werkgewer, onderwyser of vriende van jou sou verwag nie.
3. Kies dié optrede, gedrag of perspektief wat die natuurlikste by jou na vore sou kom indien daar geen beperkinge of gevolge vir jou keuse sou wees nie.
4. Omkring op 'n skaal van 1-5 jou keuse by elke punt. (Skaal: 1 = minste / 5 = meeste).

HOE GEORGANISEERD IS JY?

1.	Terwyl ek met vakansie is verkies ek om	spontaan op te tree	1 2 3 4 5	'n bepaalde plan te volg
2.	Ek verkies dit om riglyne daar te stel	wat algemeen is	1 2 3 4 5	wat spesifiek is
3.	Ek verkies dit om	my opsies oop te hou	1 2 3 4 5	dinge nou te finaliseer
4.	Ek verkies projekte wat	verskeidenheid het	1 2 3 4 5	roetine het
5.	Ek hou daarvan om	dinge te hanteer soos en wanneer dit gebeur	1 2 3 4 5	by 'n bepaalde plan te hou
6.	Ek vind roetine	Vervelig	1 2 3 4 5	rustig

Hoe georganiseerd is jy? (tel waardes bymekaar) TOTAAL =

WAT GEE VIR JOU ENERGIE / MOTIVERING?

1.	Ek is meer gemaklik om	dinge vir mense te doen	1 2 3 4 5	saam met mense te wees
2.	Wanneer ek besig is met 'n taak is ek geneig om	op die doel te fokus	1 2 3 4 5	op die verhoudinge te fokus
3.	Ek raak opgewonde daaroor om	'n saak te bevorder	1 2 3 4 5	gemeenskap te bevorder
4.	Ek voel ek het iets bereik wanneer ek	'n taak afgehandel het	1 2 3 4 5	'n verhouding opgebou het
5.	Dit is belangriker om 'n vergadering	op tyd te begin	1 2 3 4 5	te begin wanneer almal opgedaag het
6.	Ek is meer besorg daaroor om	doelwit datums te bereik	1 2 3 4 5	die span 'n eenheid te hou
7.	Ek plaas 'n hoër waarde op	Aksie	1 2 3 4 5	kommunikasie

Hoe kry jy jou energie?
(Tel waardes bymekaar)

E =


TOTAAL

TABULEER NOU JOU PROFIEL


1. Plaas 'n X op die "O"-skaal op die punt wat ooreenstem met jou "O" totaal van die vorige bladsy.
2. Plaas nou 'n X op die "E"-skaal op die punt wat ooreenstem met jou "E" totaal op die vorige bladsy.
3. Trek nou 'n vertikale lyn deur die "X"-merk op die "O"-skaal.
4. Trek 'n horisontale lyn deur die "X"-merk op die "E"-skaal.
5. Jou persoonlike styl word aangedui waar die twee lyne mekaar ontmoet.

Byvoorbeeld

TABULEER JOU STYL HIERONDER:



TABULEER JOU STYL HIERONDER:



Interpreteer jou Resultate

“E”-SKAAL TAAKGERIG

“O”-SKAAL-ONGESTRUKTUREERD	<ul style="list-style-type: none"> • Fokus op resultate • Hou van vryheid van keuse • Neem beheer • Kreatief • Analities • Soek uitdaging/avontuur 	<ul style="list-style-type: none"> • Orde en dissipline • Deeglike beplanning • Presiesie/ perfeksonis • Aandag aan detail • Krities • Maak lysies van alles 	“O”-SKAAL GESRUKTUREERD
	<ul style="list-style-type: none"> • Opgewonde en entoesiasies • Kom goed met ander oor die weg –baie vriende • Spraaksaam • Pas maklik aan • Spontaan met mense 	<ul style="list-style-type: none"> • ‘n Goeie luisteraar • Behulpsaam • Lojaal – enkel beste vriend/e • Verkies bekende omgewings / roetine • Betroubaar 	

MENSGERIG- “E”- SKAAL

(Verskillende style kan oor die grense opereer. Die intensiteit van jou styl sal egter die spanning bepaal wat so ‘n verskuiwing oor die grens op jou plaas.)

Om oor na te Dink

- *Persoonlike Styl verklaar ons gedrag, maar dit verskoon dit nie.*
- *Jy is nooit die produk van net een element van ‘n styl nie, maar eerder ‘n kombinasie van style as gevolg van omstandighede.*